# WYSHEID_3
## Eségiël 47:1-5

## TEMA: DIE HEILIGE WATERS

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: ESÉGIËL 47:1-5**

**Eségiël 47:1 Daarna het hy my teruggebring na die ingang van die huis, en kyk, daar het waters uitgestroom onder die drumpel van die huis uit, na die ooste toe; want die voorkant van die huis was na die ooste toe; en die waters het weggevloei onder die regtersymuur van die huis uit, suid van die altaar.**

**Eseg. 47:2 En hy het my uitgebring deur die noordpoort en my buitekant om laat gaan na die buitenste poort wat na die ooste kyk; en kyk, die waters het gekabbel uit die regtersymuur uit.**

**Eseg. 47:3 Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetsnoer in sy hand, het hy duisend el gemeet; en hy het my deur die waters laat deurgaan—waters tot aan die enkels.**

**Eseg. 47:4 Toe het hy nog duisend gemeet en my deur die waters laat deurgaan—waters tot aan die knieë; en hy het nog duisend gemeet en my laat deurgaan—waters tot aan die heupe.**

**Eseg. 47:5 Verder het hy nog duisend gemeet—'n stroom wat ek nie kon deurgaan nie! Want die waters het opgerys—waters om in te swem, 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie.**

**Psalm 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.**

-o0o-

Ons het in die vorige leringe gesien, dat die man wat in God se Wysheid funksioneer, suksesvol is. (Lesing: Wysheid 2)

Wat is die sukses van die man? In Psalm 1 word die sukses van die man vergelyk met 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

Daar is baie mense met harte wat opreg is en daar is niks fout met hul harte nie. Dit is net jammer dat hulle nie reg geleer word nie en dat die fokus verkeerd is. Ons moet onthou, dat dit nie ek en jy is wat die sukses op aarde bepaal nie. Mense sloof hulle af, werk hulleself kruppel en sit ure en ure in sake. Daar is wel 'n kort pad - vra vir die Here wat julle moet doen.

Julle sal verbaas wees hoeveel beplanning en ompaaie, om by die resultaat uit te kom, gaan die Here uit jou pad sny, net deur God se Raadsplan te volg. Ek weet waarvan ek praat. Daar is baie mense wat so besig is met hulle eie dinge dat hulle nie by God se plan uit kom nie. Hulle is nie standvastig in die Here nie en dit is waarom hulle so maklik omgewaai kan word.

-o0o-

Dit is waarom Jesus vir ons die gelykenis vertel van die wyse man wat sy huis op die rots bou. Van al die huise wat gebou is, was dit net die huis wat op die rots, op die Woord, gebou is, wat staande gebly het in die storms.

Met hierdie gedagte van Psalm 1, waar die Here in Sy Woord vir ons sê dat dit 'n persoon van wysheid is, wil ek nou verder gaan en die heilige waters in Eségiël. 47 met julle deurgaan.

## 1. INGANG VAN DIE HUIS

**Eségiël 47:1 Daarna het hy my teruggebring na die ingang van die huis, en kyk, daar het waters uitgestroom onder die drumpel van die huis uit, na die ooste toe; want die voorkant van die huis was na die ooste toe; en die waters het weggevloei onder die regtersymuur van die huis uit, suid van die altaar.**

- Hierdie ***ingang van die huis*** is die plek van die **samekoms**.
- Dit is **bedienings.**

Christus het gesê dat daar baie woninge in die huis van Sy Vader is en dat Hy gaan om vir ons plek voor te berei. Dit is daardie plek wat die Here vir ons voorberei het, in 'n bedienings area van Sy Gees, van Sy liggaam. Dit is waar ons verbind (gekonnekteer) en ingeplant moet word deur die Gees van God. Dit is waar ons ingebore moet word.

Daar is baie leringe wat ek uitgegee het van die eiersel wat in die vrou se baarmoeder is. Dit is die **binnekamer verhouding**. Op 'n stadium sal daar geboorte plaasvind. 'n Geestelike vader of 'n geestelike moeder word benodig, om ons tot die regte persoonlikheid wat ons moet wees, te help ontwikkel. Die vader en moeder het reeds ontwikkelde gawes in hulle. Hulle word deur God aangestel en nie deur die mens nie. Hulle het die reg om 'n huis te bestuur en om 'n dak van 'n huis te hê, sodat hulle daaruit kan funksioneer. Daaruit kan hulle huisgenote, kinders vir die Here, akkommodeer.

## 2. LEWENDE WATERS

Die ***waters*** wat ***uitgestroom*** het, is die Woord. Dit is die evangelie. Dit is lewende waters wat uit die huis stroom.

- Dit vloei uit die altaar, so dit vloei uit die samekoms.
- Dit vloei uit die plek van opofferings.
- Dit vloei uit die plek van waar bloed vloei, nie fisies nie, maar geestelik.

Ons moet bereid wees om op die altaar te plaas. Dit is waarom dit 'n huis van gebed en opoffering is. Dit is waar ons alles op die altaar moet neerlê ter wille van Sy evangelie, Sy Woord en Sy wil vir ons lewe. Dit gaan nie oor my en my koninkryk nie, want my koninkryk is juis die namaaksel. Dit gaan alles oor Sy Koninkryk op aarde, wat in Christus gekom het. Dit gaan oor Sy Koninkryk wat in my en jou gestabiliseer en gevestig is. Ons moet hierdie Koninkryk, wat Christus op die aarde kom vestig het, voortbring.

Ek glo julle verstaan dit.

## 3. LOPENDE WATERS

**Eseg. 47:2 En hy het my uitgebring deur die noordpoort en my buitekant om laat gaan na die buitenste poort wat na die ooste kyk; en kyk, die waters het gekabbel uit die regtersymuur uit.**

-o0o-

Hierdie is 'n spesifieke plek. Dit is nie om net iets te gaan doen nie. Daar is 'n spesifieke plek waaruit ons moet funksioneer.

Dit is baie duidelik dat daar skrifgedeeltes is wat God se dissipline en orde handhaaf. Dit is waarom ons gelei moet word deur die Gees van God. Ons kan nie sommer net doen wat ons wil nie. Ons moet Sy wil volg en doen soos wat Hy vir ons sê.

Lopende waters beteken **lewe**. Dit is ook simbolies aan die Heilige Gees, wat vir ons in hierdie dae sal lei.

- Daar is 'n huis.
- Daar is 'n noordpoort.
- Daar is die buitenste poort.
- Daar is 'n deur.
- Daar is die lewende waters.

Dit alles verteenwoordig die Koninkryk van God wat hier op aarde is. Dit is die evangelie van Christus Jesus toe Hy vir die dissipels gesê het ***Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies (*****Mat 28: 19)**.

### 4. GROEI PROSES

#### i) Baba Fase - Jong bekeerling

**Eseg. 47:3 Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetsnoer in sy hand, het hy duisend el gemeet; en hy het my deur die waters laat deurgaan—waters tot aan die enkels.**

Hierdie is baie belangrik, in hierdie huis verband wat God gestel het, in die geestelike vader, die geestelike moeder en in die **bedienings area**. As jy as kindjie ingebore word, is daar 'n groeiproses. Dit gaan nie daaroor dat, omdat ek gister tot bekering gekom het, kan ek vandag hardloop en die hele wêreld tot bekering bring nie. Dit is juis daar waar baie mense hulle vingers verbrand. Dit is waar satan hulle baie sleg kan seermaak.

- Dit is baie duidelik dat daar 'n tydperk is.

#### ii) Kleuter Fase

Dit is waarom hy sê dat daar duisend el gemeet is totdat die waters aan die enkels gekom het. Kyk die standvastigheid en sekuriteit wat hy nog steeds naby die huis het. Hy is nie meer 'n babatjie in die huis nie. Hy het al die reg gekry om buitekant te loop. Hy kan al in die waters loop, maar die waters is nog net tot by sy enkels. Hy is seker nou 'n seuntjie van drie of vier jaar oud. Mamma en pappa hou nog toesig oor hom en hy kan nie verder gaan nie, want hy kan miskien val en verdrink.

- Dit is 'n sekere groei fase in die kind van God se lewe, tot daar toe, maar dit is die begin.

#### ii) Tiener Fase

**Eseg. 47:4 Toe het hy nog duisend gemeet en my deur die waters laat deurgaan—waters tot aan die knieë; en hy het nog duisend gemeet en my laat deurgaan—waters tot aan die heupe.**

Jy sien, dit is nog 'n verdere groei fase. Die waters kan nou al ***tot aan die knieë*** kom. Hy is standvastig. Die water sal hom nie omspoel nie.

- Hy is vas **geanker in die Woord**. Hy staan vas en hy weet waaroor dit gaan.
- Die groeiproses in so 'n persoon se lewe is nou aan die gang.

#### iii) Jongeling Fase

Die waters wat ***tot aan die heupe*** kom, is nog 'n groeiproses. Dit is 'n verdere fase van groei in 'n persoon se lewe. Hy het daardie standvastigheid tot aan die heupe. Mense wat al in riviere geloop het, sal weet dat jy vas moet staan as jy in 'n rivier staan tot aan die heupe. Die strome kan partykeer

sterk word en jy sal jou storie moet ken. Jy sal regtig **gegrond** moet wees. Baie keer het jy hulp nodig sodat jy nie omgespoel word nie. Die stroom tot aan die heupe toe kan al relatief sterk wees.
As mense ons kursusse bywoon sal hulle dit alles sien. Die groeiproses wat plaasvind in die kanaal, wat Christus Jesus vir ons oopgestel het, toe hy gesê het dat Hy gaan om vir ons plek voor te berei, behandel ek breedvoerig (in detail) in die Salwings kursus.

**iv) Volwasse Stadium**

**Eseg. 47:5 Verder het hy nog duisend gemeet—'n stroom wat ek nie kon deurgaan nie! Want die waters het opgerys—waters om in te swem, 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie**
Hierdie vers het 'n baie diep betekenis. Wat is hierdie stroom en waarheen lei hierdie stroom? Hoekom is hierdie stroom vir my en jou so noodsaaklik? Hoekom is hierdie hele proses vir my en jou so noodsaaklik?

Dit staan geskrywe in die Woord, dat:
- Daar 'n groeiproses in jou lewe sal wees, as jy gelei word deur God se Gees,
- Wat funksioneer uit die huis van God, waarby God jou geplaas het.
- Jy sal onder **dissipline** moet staan. Jy sal geleer en gehelp moet word. Daar sal toetse wees, want jy slaag nie 'n eksamen voordat jy nie 'n toets geskryf en geslaag het nie.

As daardie kindjie val wanneer die water tot by sy enkels kom, sal sy pa hom beslis nie more tot by sy knieë laat gaan nie. Hy sal hom net tot by sy knieë laat gaan, sodra hy weet dat hy die waters tot by sy enkels kan hanteer. Hy sal hom nooit na die heupe toe vat, as hy nie weet dat hy die waters ten sterkste kan hanteer, sonder hulp en toesig, wanneer dit tot by die knieë kom nie. Eers as hy standvastig is, sal die pa toelaat dat hy na die waters gaan wat tot by die heupe is.

Kan julle sien dat daar groei prosesse is wat gaan in die Gees van God, sodat ek en jy 'n groeiproses kan word?

Ek gaan in die volgende lering vir julle wys wat is God se uiteindelik doel met hierdie persoon, wat deur hierdie waters moes gaan.

- Wat moes hy behaal deur elke keer 'n duisend el, duisend tydperke, te groei,
- dat hy groter, ryper, sterker en meer standvastig moes word in die Here,
- gevestig in die Woord van God,
- om dit te kon doen wat God wou hê hy moes doen?

-o0o-